# ST. ANDREW`S PRIMêR

# Taalbeleid

# ST. ANDREW'S

PRIMARY
Tel.: 022 – 714 1512
Fax/Faks: 022 714 4259
e-mail/e-pos: saldanha@mweb.co.za

PRIMÊR
P.O. BOX/POSBUS 54
SALDANHA
7395

## *Taalbeleid*

### 1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van St.Andrew's Primêr wat in Desember 2022 deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

### 2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

Tel.: 022 – 714 1512
Fax/Faks: 022 714 4259
e-mail/e-pos: saldanha@mweb.co.za

P.O. BOX/POSBUS 54
SALDANHA
7395

### 3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal/tale van onderrig van die skool.

### 4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n enkelmediuminstelling.
Die taal van onderrig is *Afrikaans* van graad R tot graad 7.

### 5. Bevordering van veeltaligheid

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal, ook Engels as volwaardige taalvak by die skool aan te bied.
Dit geskied soos volg:
Tale wat as volwaardige vakke aangebied word:
Enkelmediumskool:
Afrikaans as Huistaal
Engels as Eerste Addisionele Taal

Buiten Afrikaans/Engels, word isiXhosa in die Grondslagfase as Bykomende Taal aangebied.

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

# ST. ANDREW'S

**PRIMARY**
**Tel.:** 022 – 714 1512
**Fax/Faks:** 022 714 4259
**e-mail/e-pos:** saldanha@mweb.co.za

**PRIMÊR**
**P.O. BOX/POSBUS 54**
**SALDANHA**
7395

**Beleid hersien:** Desember 2022

Hierdie **beleid** is goedgekeur deur die **Beheerliggaam** van **ST.ANDREW'S PRIMÊRE SKOOL** op ____ dag van _________22.

_______________________ WND.PRINSIPAAL:**I.TALMARKES**

_______________________ VOORSITTER:Beheerliggaam:**G.GRIFFITHS**

ANDER LEDE:**FIN BEAMPTE:** F.DALWAI-AFRICA:________________

M.BASSON:________________ Opvoeder

M.OLIFINGER:________________ Opvoeder

O/VOORSITTER:**J.PETERSEN:** ________________

OUERLEDE: ________________________

________________________

________________________